OPMERKINGS BY DIE BEKENDSTELLING VAN: **SELFS DIE KERK KAN VERANDER**

(Kaapstad, 29.5.99)

1. Dit is vir my 'n voorreg om hierdie geleentheid mee te maak, en ek moet heel eerste my opregte dank betuig teenoor Tafelberg Uitgewers en in die besonder teenoor Hannes van Zyl, nie net vir hierdie geleentheid nie, maar ook vir die hele stuk geskiedenis wat ons saam rondom die totstandkoming van my boekie beleef het. Ek het groot bewondering vir die professionaliteit waarmee alles van hulle kant gedoen is, en dit is vir my 'n groot eer dat juis hulle my boek uitgegee het.

2. Ek moet in die tweede plek my dank betuig teenoor die keurders, Rykie van Reenen en Anton van Niekerk, vir die moeite wat hulle gedoen het, vir die positiewe oordeel wat hulle daaroor gevel het, vir die optrede van Anton vandag hier en, wat Rykie betref, vir die simpatieke wyse waarop sy met haar wenke en hulp my in staat gestel het om aan die boek 'n meer vaartbelynde karakter te gee. Ek het wel 'n mate van ervaring gehad met die skryf van wetenskaplike artikels en handboeke vir studente, maar daarby geld ander reëls as by die skrywe van 'n boek soos hierdie. Rykie het my gehelp om met 'n ligter tred te beweeg, en dit het die boekie beslis leesbaarder gemaak. Ek moet in hierdie verband ook die naam van my ou vriend, Johannes Grosskopf noem, wat die heel eerste buite-persoon is aan wie ek my oorspronklike, onklaar manuskrip laat sien het. Sonder sy aanmoediging sou ek nooit daarmee verder gegaan het nie.

3. Ek moet ook 'n besondere woord van dank rig aan Bettie, my vrou. Dit is nie net dat sy alles wat ek geskryf het, meer as een keer op die rekenaar uitgedruk

het nie, maar sy was ook 'n steun vir my geheue, en sonder haar aanmoediging sou ek nooit met die boek klaargekom het nie.

4. Ek moet beklemtoon dat ek dié boekie nie uit skryflustigheid geskryf het nie. Ek het dit half as 'n soort roeping en plig ervaar om die verhaal van die verandering in die NG Kerk op skrif te stel. Die gedagte dat die dinge wat in hierdie periode in die kerk gebeur het, vir die nageslag op skrif gestel moet word, het al jare lank gelewe onder sommige van ons wat dit meegemaak het. Maar wie moes dit eintlik doen? En hoe sou dit gedoen kon word as 'n hele aantal mense daarby betrokke sou wees, wat intussen ook weer verskillend ontwikkel het en dus verskillende interpretasies aan gebeurtenisse heg? Dit het langsamerhand vir my duidelik geword dat ons klomp wat saam in die kerklike stryd betrokke was, onmoontlik nie saam so 'n projek sou kon aanpak nie. 'n Boek kan net deur een mens geskryf word, vanuit sy gesigspunt en interpretasie van wat gebeur het, anders kan dit nie 'n eenheid wees nie. Daarom het ek maar besluit om die boekie te skryf, en dit staan al my vriende vry om te sê waar my geheue my in die steek gelaat het, of waar ek dinge nie reg geïnterpreteer het nie, of waar ek dinge weggelaat het wat nodig was om gesê te word. Ek sal my nie verbaas as sommige van hulle dit doen nie.

4. En nou 'n paar opmerkinge oor die boek self. Dit was van die begin af min of meer tweeslagtig: 'n kruis tussen 'n stuk van my persoonlike verhaal en 'n stuk verhaal oor die worsteling in die NG Kerk. Dié twee dinge was in my lewe egter onontwarbaar vervleg. Ek sou nooit net 'n objektiewe verhaal oor die ontwikkelinge in die kerk kon geskryf het nie, omdat ek in elk geval te eksistensieel daarby betrokke was. Deur 'n bepaalde sameloop van omstandighede het ek in 'n baie beslissende periode van die geskiedenis van ons volk en die kerk op 'n intensiewe wyse betrokke geraak in 'n stryd wat geen mens uit vrye wil sou gesoek het nie. Bepaalde invloede in my lewe het daartoe gelei dat ek, eintlik in stryd met my eie aard, begeerte en agtergrond, 'n

dissenter geword het. Komende uit 'n groot gesin waarin aanvaarding van mekaar en 'n gevoel van verbondenheid wesenlik was, was dit vir my moeilik om teen die stroom in te gaan. My verhouding tot die NG Kerk was soos dié in 'n moeilike huwelik waarin man en vrou nie sonder of mét mekaar kan klaarkom nie. Ek het iets beleef van die pyn van die profete van die Ou Testament wat tot uitdrukking kom in Hosea 2:1 waar die profeet die opdrag kry: "Klae jou moeder aan", of volgens die ou vertaling: "Twis met jou moeder." Ek het ook oorspronklik oorweeg om dit as titel aan die boek mee te gee, maar het uiteindelik daarteen besluit omdat dit, teen die agtergrond van my geskiedenis in die kerk, miskien te negatief sou geklink het. Ek dink dit is beter dat ek tog maar 'n ander titel gekies het.

5. Ek hoop nie ek het mense in my boek te na gekom nie. Dit was wel onvermydelik om die name van sekere prominente figure te noem met wie ek oor bepaalde sake verskil het. Maar ek het probeer om nie onbillik teenoor hulle te wees nie. Ek het selfs vir haas almal van hulle groot respek gehad. Natuurlik is die boek op 'n onbeskaamde wyse vanuit my persoonlike gesigspunt geskryf, maar ek weet regtig nie hoe ek dit anders moes gedoen het nie. Die waarheid wat ons meen te ken, is altyd in 'n hoë mate subjektief gekleur, selfs al probeer ons om so objektief as moontlik te wees. Ek is daarvan oortuig dat ander mense bepaalde dinge wat ons in dié jare beleef het, anders as ek beleef het en dit anders as ek sou vertel het. Die meeste wat ek kan sê, is dat ek probeer het om die verhaal so waarheidsgetrou as moontlik te vertel. Ek hoop maar dat dit in die groot gerig wat oor al ons werke gaan, ook so bevind sal word. Ek dank u!
— W D J